

Lees: Lk.2:1-40

Teks: Lk.2:25-29 (Kersfees)

Datum: 25 Desember 2021 wilropk

Psalms: 89:1-3, 89:6-8; 89:9-11; Skrifberyming 3:1,2; Skrifberyming 4:1,2,3

1. Inleiding

Ons vier weer Kersfees. Waaraan dink ons op Kersdag? Ons dink op daardie dag met vreugde daaraan hoe die HERE se eeue oue belofte in vervulling laat gaan het: Die beloofde Verlosser, die lank verwagte Redder het gekom. Die HERE het sy beloftewoord waar gemaak.

Wat is mooier as hierdie belofte. Hier is nou, in die krip van Betlehem, die enigste troos in lewe en in sterwe – Hy wat ons ook wil troos en kan troos in ons grootste hartseer en in ons diepste smart – die sonde. Hier is nou die lig van die wêreld, wat ook skyn in die duisternis van ons sondebestaan. Dit is die belofte wat verskyn het, die vervulde belofte.

Maar hierdie vervulde belofte is nie bedoel vir Kersdag alleen nie. God se vervulde belofte moet ook vir ons 'n beleefde belofte wees. Met God se vervulde belofte moet ons nou ook die lewe ingaan – en die dood. Die lig van Kersfees moet straal oor elke lewendag wat God ons nog gun en met die vrede van kersfees kan ons ook nou die dood tegemoetgaan.

In ons teksverse lees ons van 'n man wat:

1. Die kersbelofte verwag het;
2. 'n man wat die vervulling van die kersbelofte ontvang het; en
3. uit die kersbelofte geleef het.

2.1. Simeon het die kersbelofte verwag

Lukas skryf 'n hele paar besondere dinge van Simeon: Hy was *regverdig en vroom*. In die Ou Testament lees ons dikwels dat die gelowiges so beskryf word: as regverdiges. Heel eenvoudig gesê, beteken dit: om *in die regte verhouding tot God* te staan. 'n Regverdige was iemand wat digby die HERE en sy Woord geleef het. In Psalm 1 word so 'n man aan

ons beskrywe: Welgeluksalig is die man wie "behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag". So het 'n regverdige daar uitgesien. Dit was iemand wat die HERE en sy Woord gevrees het, iemand wat eerbied en liefde gehad het vir die Bybel.

Maar nou moet ons weet: "Regverdige en vroom" het regtig nie die betekenis van sondeloos nie.

In Psalm 32 word ook die woorde regverdige en vrome gebruik. Maar in die eerste verse van die Psalm laat Dawid sien hoe 'n regverdige lyk: Dit is iemand met ongeregtighede, maar ook iemand wat sy ongeregtigheid bely het en dit kan uitjubel: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe ... is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie." En in dieselfde Psalm hoor ons in verband met die vrome: "U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe. Daarom sal elke **vrome** U aanbid in 'n tyd as U te vinde is.

'n Regverdige, 'n vrome is duidelik nie 'n sondelose nie. Dit kan ons ook sien in wat Lukas van Simeon sê: Hierdie regverdige man, sê die evangelis, "het die vertroosting van Israel verwag". En as u nou baie presies wil weet wat met troos bedoel word, dan moet u Jesaja 40 gaan lees. Daar word die profete opgeroep om God se volk te troos. Op daardie stadium sit die Israëliete vanweë hulle ongeregtigheid, hulle onregverdigheid, in Babel. Daar het hulle sondigheid hulle gebring: onder die oordeel van God, in onvrede met die HERE. Vir hierdie volk het die HERE 'n troosboodskap en die inhoud van die troos is: Roep Jerusalem "toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes".

En nou word van Simeon, die regverdige en vroom man, gesê: Hy het die vertroosting van Israel **verwag**. Hy het die Een verwag wat sy skuld en sy volk se sondeskuld sou kom betaal. Dit is die troos en die vertrooster waarna Simeon so met verlang uitgesien het. Dit was vir hom die hart en die inhoud van Kersfees.

In daardie woordjie "**verwag**" – hy het die vertroosting van Israel verwag – lê daar 'n diep verlange. Maar daarin lê **ook** 'n groot sekerheid opgesluit. Dit is 'n woord uit die Ou en Nuwe Testament wat gelaai is met sekerheid. Daarom kan ons gerus vertaal: met sekerheid verwag. Simeon het die groot dag van die koms van die vertroosting van Israel met sekerheid verwag. En hierdie sekere verwagting het alles te make gehad met God en

sy Woord. Simeon het geweet: Die HERE het dit belof. Daarom sal dit ook kom. God is volkome betroubaar in sy spreke.

Waar het hierdie sekerheid vandaan gekom? "Die Heilige Gees was op hom", sê Lukas. Die Heilige Gees is die Een wat ons leer om te steun en te vertrou op God se beloftewoord.

Maar daar was nog iets besonders aan Simeon. Al was hy al oud, al het hy al, by wyse van spreke, met sy een voet in die graf gestaan, - Simeon KON NIE sterf nie. Hy KON NIE sterf nie, omdat hy 'n heel besondere belofte van God gehad het: "... aan hom was dit deur die Heilige Gees geopenbaar dat hy die dood nie sou sien voordat hy die Christus van die Here gesien het nie". Simeon KON NIE sterf nie, omdat God se trou aan sy eenmaal gegewe belofte nie sterf nie.

En in hierdie geskiedenis sien ons dit: die HERE is 'n waarmaker van sy onsterflike Woord, hy is die HEER

wat, onwrikbaar in sy trou,
altyd sy beloftes hou (Ps.146:4).

Ja, want

2.2. Simeon het die vervulling van die kersbelofte ontvang

Uiteindelik het die groot dag, die dag waarna Simeon met soveel verlange en afwagting uitgesien het, gekom. Uiteindelik het die dag aangebreek waarvan ook Maleagi geprofeteer het: "Dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het" (Mal.3:1).

Op 'n dag het Josef en Maria " die Kindjie Jesus inbring om met Hom te handel volgens die gebruik van die wet".

Hoe het Simeon geweet dat dit die dag, die grootste dag van sy lewe, was? Nee, as mens kon hy dit nie weet nie. Maar Lukas onthul die geheim aan ons: "En Simeon het deur die Gees in die tempel gekom". Die werking van die Heilige Gees word hier aan ons geopenbaar.

En as Simeon die Kind in sy arms neem, dan jubel hy. Dan loof hy God: "Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord, omdat my oë u heil gesien het".

Hoe kon hy dit weet: dat hierdie Kind die Christus is? Hoe kon hy dit sien? Weer: As mens kon hy dit nie sien nie en as mens het ook die vroom Simeon geen oog gehad vir die Verlosser van God nie. Hier het ons van begin tot einde te make met die werk van die Heilige Gees. Hy is die Een wat ons die oë moet gee.

Ons moet ook mooi luister na wat Simeon hier sê. Hy sê nie maar net dat hy die Kind gesien het nie. Hy sê: My oë het u *heil* gesien. Daardie woordjie "heil" beteken: verlossing. "U" verlossing – die verlossing wat van God die Vader af kom.

Nogeens: Dit kon Simeon uit sy eie nie sien nie. Op die oog af was die kind in sy arms 'n kind soos enige ander kind. Maar verlig deur die Heilige Gees kon Simeon sien: Hierdie Kind is die heil, die verlossing wat die Vader aan ons skenk.

Deur die Heilige Gees het Simeon geweet: Hy staan met die vervulde Ou Testament in sy hande. God se Woord het vlees geword. God se beloftes het vlees en bloed geword.

En toe kon Simeon sing van God se troos en trou:

Ek sing 'n lofsang by my snare,
'n lied van troos en trou
waarin 'k u lof ontvou,
o Heilige by Isr'els skare!
Ek roep, tot vreug herbore:
"Verlos, en nie verlore!" (Ps.71:14)

En toe het daar 'n heerlike vrede Simeon se ewige deel geword.

2.3. Simeon het uit die kersbelofte geleef

In die velde van Betlehem sing 'n engelekoor: "Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!". Of in die woorde van Totius:

En toe klink 'n lofsang daar
van 'n ganse engelskaar:
.....
"Vrede op aarde, vrede weer!"
En die donker nag ruis mee.

En in die tempel van Jerusalem staan 'n ou man en hy val in by die engelekoor: "Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord". Dit is Simeon se amen op die engele se "vrede op aarde". Ja, vrede,

Neem nou maar, Heer, u kneg
na u belofte weg,

en laat hom gaan in vrede -
 nou hy die saalge dag,
 so lank deur hom verwag,
 gesien het op sy bede.

Wanneer God se heil aanskou het, nie alleen met die oog van die liggaam nie, maar ook met die oog van die geloof, dan sê hy: "Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord".

God se heil bring *vrede*.

As u werklik wil weet wat met vrede bedoel word, moet u terug na Genesis 1 en 2, terug na Eden voor die sondeval. Want die paradys was een groot vredeslied. Alles daar het gesprek van God se liefde, guns en gemeenskap. Alles het gesing van God se Vaderlike sorg, van lewe uit sy milde Vaderhande. Die paradys was een enorme jubeltoon van vrede: vrede met God, vrede tussen mense onderling en vrede met die skepping.

Maar met die sondeval het hierdie volmaakte vrede aan skerwe gespat. In plaas van vrede tussen *God en mens* het die oordeel gekom, die teenoorgestelde van vrede. Die dood het ingetree, daarom hoor ons dwarsdeur Genesis in plaas van die vredeslied van die paradys, die dodemars: "En hy het gesterwe, en hy het gesterwe..." En die boek wat so mooi begin het met 'n lewe van vrede in God se gemeenskap, eindig met 'n doodskis.

Ook tussen *mens en mens* was die vrede nou soek, want in Genesis 4 word die eerste moord gepleeg. Uit die sondeval van die mens het voortgespruit haat en twis, oorlog en rewolusie.

Maar hier, hier in Lukas 2 is die vrede van die paradys weer terug. En die loflied van die paradys. Eers weerklink die vredeslied uit die monde van engele. En dan, dan jubel ook 'n mens dit uit: "Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede".

Die meeste Skrifverklaarders verklaar die woorde van Simeon so: Nou kan ek sterf in vrede. Nou hoef ek die dood nie meer te vrees nie. Dit straf is betaal. Alles is nou reg tussen my en God.

By hierdie verklaring sluit ek my ook aan. Tog moet ons onthou: Die vrede van Christus is nie alleen bedoel vir ons sterwensdag nie. Die vrede van Christus is nie alleen 'n

sterwenstroos nie, maar ook 'n lewenstroos. Deur ons Here Jesus Christus lê ons hele lewe nou onder die vrede van God.

Nou mag ek weet: God is met my. Ek leef onder 'n geopende hemel, in die lig van sy vriendelike aangesig. God is lief vir my en sy liefde is daad, daad van sorg en beskerming.

3. Slot

Simeon kon die dood ontmoet gaan met die Kersevatel.

Ons weet nie wat 2022 vir ons inhou nie: Is dit lewe of is dit dood? Maar wat dit ook al mag wees, lewe of sterwe, met die vredesboodskap van Kersfees kan ons getroos die nuwejaar ingaan. Want ons weet: Ons enigste troos in lewe EN in sterwe is dat Jesus gekom het, dat Hy gekom het om ons te verlos, om ons heil te bewerk.

Simeon het God se heil aanskou in sy tempel. Ons mag God se heil aanskou in sy Woord.

Simeon het op die aanskouing geantwoord met 'n loflied en 'n geloofsantwoord. God vra dit ook van u.

AMEN